

Maak Jou Eie Handdoekreling.

Dit lyk dalk moeilik, maar, makliker kan dit nie wees nie. Die handdoekreling kan met die basiese gereedskap in u eie huis geskep word.

Noodsaaklike gereedskap:

Werkbank met skroef en bankklem, passer, potlood, liniaal, winkelhaak, staanboor, 12 mm- en 55 mm-forstner-boorpunte, krulsaag, twee lang raamklampe, 12 mm- en 20 mm-skuinskant-beitels, verdiepskaaf en blad, 10 mm-groeflem, speekskaaf, skuurblok en knipmes.

Ander nuttige gereedskap:

Koordlose skroewedraaier, kragskuurder, elektriese boor, verdeelpasser en afwerkmes.

Materiaal:

Dennehout, grade 100 en 120 skuurpapier en PVA-lym.

Afmetings:

2 stukke 900 x 225 x 18 mm (sye),
drie stukke 750 x 3 x 18 mm (boonste relings),
een stuk 750 x 100 x 18 mm (onderste reling).

Trek middellyne op snyplanke. Stel die passer se radius op 75 mm en trek die boonste en onderste uitsnypatrone. Gebruik die liniaal om hulle te verbind.

Boor die handvatselgat met die 5 mm-forstner-boorpunt en saag die vorm met die krulsaag uit. Saag van albei kante af sodat die snitte mekaar in die middel ontmoet.

Boor die eindes van die tapgate met die 12 mm-forstner-boorpunt.

Klamp nou die werkstuk plat op die bank vas, verwyder die res van die afval met die 12 mm skuinskantbeitel. Werk van albei kante af sodat jy die hout nie beskadig as die beitel deurgaan nie.



Hierdie handdoekreling is baie maklik om aanmekaar te slaan.

Sit die 10 mm-groeflem aan die verdiepskaaf en monteer die skaaf op sy blad. Trek die gids terug en stel die lem op 'n hoogte van 3 mm. Voer die relings vir die verdiepskaaf en sny skouers aan albei snyvlakke. Verminder die lem se hoogte tot 1,5 mm en sny skouers aan die boonste en die onderste randvlakke.

Saag die onderste reling se vorm met die krulsaag en gebruik daarna die speekskaaf om die gesaagde rand 'n gladde, geboë afwerking te gee. Gebruik die speekskaaf om nou die boonste drie relings se rande af te kant. Skuur al die vlakke glad.

Vorm die relings se vierkantige punte versigtig met die knipmes en beitels sodat hulle in die tapgate se geronde eindes pas. Wanneer hulle goed pas, moet jy twee saagsnitte in die tapgate se punte maak. Lym en wig die relings dan in posisie en skuur die hele handdoekreling glad, veral die relings se bokante. En daar het jy dit, 'n tuisgemaakte handdoekrak wat vir verskillende doeleindes gebruik kan word en ook 'n goeie Kersgeskenk.

Bron: *Vinnige en maklike projekte air die naweekhoutwerker*. Struik. Alan & Gill Bridgewater.